# Laerskool Villieria

Telefoon: 012 331 1100
E-pos: villiesskool@icon.co.za
Webwerf: www.laerskoolvillieria.co.za

Ben Swartstraat 1032
Villieria
Pretoria
0186

20 September 2024

Geagte ouers/voogde

**NUUSBRIEF 33/2024**

Ons laaste Nuusbrief van kwartaal 3, en ons wonderlike personeel, ons leerders en sommige ouerhuise kan gaan asem skep voor die laaste kwartaal van 2024. 'n Heerlike blaaskans word almal toegewens en nogmaals DANKIE vir al my positiewe en lojale Villiesouers/-voogde.

**NUWE- / BELANGRIKE BOODSKAPPE**

**SKOOL SLUIT**
Soos per vorige kommunikasie, sluit Laerskool Villieria vandag, 20 September 2024 om 10:00. Ingeskrewe naskoolleerders gaan vanaf 10:00 naskool toe. Leerders wie nie in die naskool is nie, en 13:30 afgehaal word, kan afgehaal word by die naskoolhekkie in 30ste Laan.

**SKOOL HEROPEN**
Die skool heropen vir die 4de kwartaal op Dinsdag, 1 Oktober 2024. Normale skoolure geld.

**AANLYNREGISTRASIE – GRAAD 1 (2025)**
Die eerste sms'e vanaf die Departement van Onderwys is reeds aan sommige ouers gestuur. Ons herinner u dat die Departement nie al die sms'e op een dag stuur nie, maar wel in sarsies. Wees asseblief geduldig indien u nog nie 'n sms vanaf die Departement van Onderwys ontvang het nie. Wanneer u die sms ontvang het, moet u weer op die Aanlynstelsel ingaan en die aanbod aanvaar/nie aanvaar. Moenie dat oorhaastigheid jou 'n foutiewe keuse laat uitvoer nie. Indien enige onsekerheid, kontak asseblief meneer Van der Westhuizen na die vakansie.

**GRAAD R (2025)**
Ons herinner u weer dat aansoek vir graad R (2025) steeds oop is. Beperkte spasie is beskikbaar en daarom doen ons 'n beroep dat u, u Aansoekvorms, tesame met alle vereiste dokumente, so spoedig moontlik sal inhandig by ons kantoor. Aansoekvorms is beskikbaar op ons Webblad. Indien u reeds u Aansoekvorm ingehandig het, sal u verdere kommunikasie ontvang teen November met alle nodige inligting.

**FOTO'S**

- **Graad R – 7 (Kerspakkette) en graad R-gradeplegtigheid**
  Alle leerders wat die neem van Kersfoto's en/of graad R-gradeplegtigheid foto's gemis het, sal weer geleentheid kry in die 4de kwartaal. Die datum sal aan leerders gekommunikeer word.

**BEGROTINGSVERGADERING**
Ons jaarlikse begrotingsvergadering vind plaas Woensdag, 23 Oktober 2024 (18:00) in die skoolsaal.

**KULTUUR**

- **Roer-Jou-Voete-Liedjiefees**
  Ons is opgewonde om u mee te deel dat Laerskool Villieria se "Roer-Jou-Voete-Liedjiefees" nou beskikbaar is op YouTube by youtube.com/watch?v=7xcQSXc0go8.
  Weereens 'n opregte woord van dank aan elke kind, ouer en onderwyser wat hierdie moontlik gemaak het.

- **Talentaand (Graad 1 – 7)**
  In kwartaal 4 bied Laerskool Villieria 'n Talentaand aan vir enige graad 1- tot 7-leerders wie belangstel. Oefen solank jul items, oudisies vind plaas vroeg in die nuwe kwartaal. Leerders kan hul name by juffrou Roelandi Winters gaan opgee.

**FONDSINSAMELING**

- **Blits (Fire Lighters)**
  Ons laaste fondsinsameling vir 2024 – die baie gewilde *BLITS VUURAANSTEKERS*.




  Slegs u ondersteuning kan van hierdie projek 'n sukses maak. Ons beoog om hierdie projek oor 'n tydperk van ± 6 weke te hardloop. Elke leerder het reeds 'n bestelvorm ontvang waarop u bestellings kan neem en inhandig by u kind se klasonderwyser(es), tesame met die kontantbedrag. Die vuuraanstekers beloop R20 per pakkie.

- **Sakkeprojek**
  Daar is steeds sakkepakkette te koop hier by die skoolkantoor teen R50 per pakket.
  "1st Come, 1st serve." Baie dankie vir u getroue ondersteuning.

**GRAAD 6- EN 7-OPVOEDKUNDIGE TOER (Veldskool)**

Die Lys van Benodighede, asook die brief met finale reëlings is reeds per hand aan die betrokke leerders uitgedeel, en per e-pos aan u gekommunikeer. Sien bladsy 8 en 9 van hierdie Nuusbrief vir die genoemde dokumente.

**DEPARTEMENTELE SPELLATHON (Graad 3)**

Die Distrik bied jaarliks 'n Spellathon vir graad 3-leerders aan. Baie geluk aan Rudi Schauer wat op Distriksvlak aangewys is as die wenner van die Afrikaanse afdeling (Lees met begrip). Hy gaan op Saterdag, 2 November 2024 die provinsiale prysuitdeling bywoon.

**SPORT**

- **Skaak**
  Vrydag, 4 Oktober 2024 neem ons o/11- en o/13-skaakspanne deel aan die Gauteng Kampioenskappe in Germiston. Ons wens hulle alle sterkte toe.
  - Oefentye:
    - ✓ Woensdag, 2 Oktober 2024 o/11 13:45 – 14:30

- **Sagtebal**
  - **Dogters o/10 – o/13**
    Baie dankie vir ñ kookwater sagtebalseisoen. Dankie aan elke ouer se geduld en samewerking tot ons sukses. Dankie aan elke dogter wat volhard het en soveel tyd en energie ingesit het. Met groot dank aan die ouers wat uitgawes aangegaan het vir hulle kinders. Grootste eer aan ons Hemelse Vader vir die talente wat ons Villies het.

    Baie geluk aan die o/10- en o/12-spanne wat onoorwonne die seisoen was. Hulle en hul afrigters is as Tshwane A-liga wenners bekroon. Julle pluk die vrugte van julle harde werk.

Baie geluk aan die volgende drie dogters wat algeheel die o/10-, o/11- en o/12-Beste Kolwer titel verower het:

- ✓ o/10 Cherise Meadows-Erasmus
- ✓ o/11 McKayla Fourie
- ✓ o/12 Mieke Storm

Tot volgende jaar.

- **Krieket**
  - **o/13-Dogters**

    Die Titans proewe vind plaas op Sondag, 22 September 2024 en Maandag, 23 September 2024. Ons is baie bevoorreg dat die proewe op Laerskool Villieria se velde plaasvind.

- **Rugby**
  - **7's Rugby**
    - ✓ Al die toernooie vind plaas in Oktober elke Saterdag.
    - ✓ 25 – 27 Oktober 2024 vind daar 'n toer plaas na Zwartkloof, waarvan die koste R800 per speler sal wees.
    - ✓ Spelers sal reëlings ontvang.

    - ➢ Oefentye:
      - ✓ Dinsdag, 1 Oktober 2024 o/12 14:00 – 15:00
      - ✓ Woensdag, 2 Oktober 2024 (In skooltyd) o/11 + o/12 Oefenperiode

        *(o/11- en o-12-seuns bring hul oefenklere saam skool toe).*

## HERHALENDE BOODSKAPPE

**MERIETE OGGENDE**

Die finale departementele kalender vir kwartaal 4 is bekend. Puntevoorlegging vind plaas op Maandag, 2 Desember 2024.

Meriete oggende vind as volg plaas:

- ✓ Grondslagfase Dinsdag, 3 Desember 2024
- ✓ Intersenfase Woensdag, 4 Desember 2024

Verdere reëlings sal later deurgegee word.

**VILLIES-GEBEDSGROEP (Villies Wat Bid)**

- ✓ Elke Maandag (7:15 – 7:45) in die Sportsaal oorbaan.
- ✓ Ons is opgewonde om vanaf kwartaal 3, ook 'n tweede gebedsoggend te begin om sodoende meer ouers te akkommodeer, naamlik:
- ✓ Elke Donderdag (7:15 – 7:45) by die Moot Maats kleuterskool in 29ste Laan. (Oorkant die rolbalbaan).
- ✓ Om by die gebeds-whatsappgroep aan te sluit, volg hierdie skakel https://chat.whatsapp.com/Drxh2JX2GMXA4z1Z2ieXcq

**FOTO'S**

- Alle sport- en skaakfoto's is beskikbaar vir bestelling by die afrigters teen R50 per foto. Geen EFT-betaling, slegs kaart of kontant hier by die skoolkantoor of by afrigters. Bestelling en betaling voor of op Vrydag, 11 Oktober 2024.


**SPORT**

- **Hengel**
  Goedkeuring is verleen, soos met fietsry, dat belangstellende leerders van ons skool by hierdie aktiwiteit betrokke kan raak en onder ons skool se naam mag deelneem. Of u kind(ers) al vis gevang het of nie, alle leerders is welkom. Hierdie aktiwiteit funksioneer heeltemal op sy eie. Geen personeel van ons skool is betrokke nie.
  Kontak asseblief vir mnr. Nico Stapelberg by 0609240851 of stapelberg911@gmail.com
  Leerders wie Provinsiale- en/of Nasionale Kleure verwerf, sal wel tydens ons weeklikse saalopeninge erkenning kry en mag soos enige ander prestasie op Vrydae hul Provinsiale en/of Nasionale Kleure skool toe aantrek.

- **Hekkies (Afrigting)**
  Kontak asseblief mev. Myrtle Grobler by 0828201989 vir navrae en meer inligting rakende hekkies. Afrigting/oefening vind plaas by Hoërskool Oos-Moot.

- **Fietsry**
  Indien jy enigsins al die gevoel gekry het dat jy tog jou kind vir 'n slag van die rusbank af wil kry, hier is jou kans. Laerskool Villieria is geaffilieer by Gauteng-Noord Skole Fietsry.
  'n Laerskool Villieria gazebo sal sigbaar wees by die byeenkomste vir leerders en/of ouers wat navrae het of sommer net 'n draai daar wil maak.
  Vir alle fietsry navrae, kontak mnr. Dewald van der Merwe – 0605199342.
  Sien onderstaande advertensie vir alle nodige inligting om in te skryf vir die opkomende byeenkomste.


**GEDAGTE VIR DIE WEEK**




Villiesgroete

**DP HAASBROEK**
**HOOF**

***Sien asseblief advertensies op volgende bladsye***


Laerskool Villieria
2024 Dagboek
100 JAAR
1903 - 2003
LOOP WAKKER
Naam:
Klas:
Dagboek 2025
Dis weer tyd vir die skool se dagboek!
Navrae kontak asb vir Zoë
079 407 5863
A5 210mmx148mm R5225.00
A6 148mm x 105mm R2613.00
Strip 148mm x 70mm R1742.00
Block 70mm x 70mm R871.00
Prys sluit in volkleur advertensie.
Swart en wit advertensie "random" in boek.
Een advertensie in die skool nuusbrief per kwartaal.
Advertensie word in 1000 boekies geprint.
Adverteer jou besigheid en help
ons kinders om 'n gratis dagboekie
vir 2025 te ontvang


TENNIS
AFRIGTING
Welcome to moderntennis
www.moderntennis.co.za
ELKE WOENSDAG
MIDDAG (by die
skool)
8.
Cornelia
082-496-9878
Louis
061-118-6567




# GAUTENG SCHOOLS CYCLING

## DATES 2024

### GAUTENG SCHOOL SERIES

| PRIMARY SCHOOLS | | |
|---|---|---|
| Event #1 | 24 February | Hazeldean Valley Farm |
| Skills #1 | 9 March | Grootfontein MTB Park |
| Skills #2 | 6 April | Hazeldean Valley Farm |
| Event #2 | 11 May | Prime View Adventure & Leisure |
| Event #3 | 1 June | Die Bosveld |
| Event #4 | 3 August | Steyn City |
| Event #5 | 24 August | Grootfontein MTB Park |
| Interprovincial | 19 October | Harrismith |

GAUTENG SCHOOLS CYCLING

## GRAAD 6- EN 7-OPVOEDKUNDIGE TOER (VELDSKOOL)

**(LYS VAN BENODIGHEDE)**

1. Bybel
2. Eetgerei – *(Beker, bord/papierborde, vurk, mes, lepel, waslappie en vadoek)*
3. Flits
4. Notaboek en pen
5. Slaapsak, kombers en kussing
6. Badhandoek EN swemhandoek
7. 3 Stelle klere
8. 3 Stelle ou klere
9. Slaapklere
10. 1 Paar tekkies *(2 pare indien moontlik)* en kouse
11. Sandale vir stap *(Nie ongemaklike skoene nie)*
12. Swemklere
13. Trui/Baadjie/Jas
14. Badkamer-/Toiletsakkie met al die nodige *(Eie pleisters, Rehidrate, ens)*
15. Hoed en sonskerm
16. Reënjas
17. Kroniese medikasie *(Netjies verpak en duidelik gemerk en by personeel ingehandig)*
18. Rugsak/Tas *(Nie groot tas)*
19. 2 Waterbottels
20. ‘n Positiewe gesindheid

***LET WEL: GEEN SELFONE.***
***MERK ASSEBLIEF ALLES DUIDELIK.***

**<u>GRAAD 6- EN 7-OPVOEDKUNDIGE TOER (VELDSKOOL)</u>**
**<u>OKTOBER 2024</u>**

Net ‘n paar finale reëlings vir ons graad 6- en 7-leerders en ouers/voogde rondom die opkomende Opvoedkundige Toer (Veldskool).

- Indien u kind nie kan swem nie, of nie sterk kan swem nie, moet u ‘n skrywe per hand by meneer Gielie Joubert inhandig voor of op Vrydag, 20 September 2024. *Geen skrywe per e-pos nie.*
- Alle voorgeskrewe medikasie moet duidelik gemerk wees en ingehandig word op die dag van vertrek. Dogters handig in by juffrou Amy Swart en seuns handig in by meneer Gielie Joubert.
- Busse vertrek 8:00 op Dinsdag, 1 Oktober 2024 vanaf die skool, en sal teen ongeveer 13:00 op Vrydag, 4 Oktober 2024 terug wees by die skool.
- Geen selfone mag saamgeneem word nie.
- Geen elektriese toestelle mag op die toer saamgevat word nie.
- Slegs in ‘n noodgeval, kan u as ouer/voog die skool se selfoon skakel by 068 037 5421. Neem asseblief kennis dat daar wel net beperkte sein is.
- Geen leerder mag weg van die terrein en/of kamers beweeg sonder die toesig van ‘n volwassene en toestemming vanaf die betrokke personeel nie. Bly ten alle tye by jou groep en die toesighoudende personeel van Laerskool Villieria en Jubaweni.
- By aankoms, sal die skool en Jubaweni se reëls met die leerders deurgegaan word deur die hoof fasiliteerders van die kampterrein.
- Leerders beweeg saam met die fasiliteerders en/of onderwysers vir etes en ander aktiwiteite.
- Indien enige leerder enige wangedrag of onaanvaarbare optrede toon, sal die ouers/voogde dadelik gekontak word. Indien die optrede van die leerders van so aard is, sal die ouers gevra word om die leerder(s) dadelik te kom haal.
- Geniet elke oomblik van die toer.

# Moot Rugby Academy

**Future Rugby Stars in Die Moot**

## Join the Moot Rugby Academy at Oos-Moot High School!

We are excited to announce the launch of the Moot Rugby Academy, dedicated to nurturing young rugby talent in our community. Our academy offers high-quality training and a strong rugby culture to help players excel.

**Location:** High School Oos-Moot

**Date:** 9 October 2024 to 6 December 2024

**Target Group:** Kids aged 8 to 11 (Under 9,Under 10,Under 11 in the next season)

**Training Sessions:** 18 Sessions per quarter, held on Wednesdays and Fridays from 17:00 to 18:00

**Enrolment Fee:** R600.00 per quarter per player

# Register Now!

**Spaces are limited.**
**Secure your spot today and be part of the future of rugby in DIE MOOT!**

## Contact Information

**Emial:** **info@mootrugbyacademy.com**
**Phone:** **+27 82 863 1993 (Coach Jaco)**
**+27 82 778 5800 (Coach Johan)**